9-13 jaar



My kreatiewe

# BYBEL JOERNAAL

Markus 1-5

Markus 1–5

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

‘n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermalle jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van ‘n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op ‘n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te le.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- ‘n lewenslange fondasie vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie *Bybelstudie?*

*Dag 1:* Johannes die Doper

*Dag 2:* Jesus word gedoop, versoek en begin preek

*Dag 3:* Jesus roep sy eerste dissipels

*Dag 4:* Die besetene van Kapernaum

*Dag 5:* Jesus genees en preek

*Dag 6:* Jesus genees 'n verlamde man

*Dag 7:* Jesus roep Levi, die tollenaar

*Dag 8:* Vastye en Sabbat

*Dag 9:* Die man met die gebreklike hand

*Dag 10:* Baie mense kom agter Jesus aan

*Dag 11:* Twaalf Apostels word aangestel

*Dag 12:* Lastering teen die Heilige Gees

*Dag 13:* Jesus se familie

*Dag 14:* Gelykenis en doel van die Saaier

*Dag 15:* Jesus verduidelik die gelykenis van die Saaier

*Dag 16:* Hoe ons moet luister

*Dag 17:* Gelykenisse oor saad

*Dag 18:* Jesus maak die storm stil

*Dag 19:* Die besetene van Gerasa

*Dag 20:* Jesus doen nog wonderwerke

DAG 1: **Johannes die Doper**

Wanneer jy tyd in God se Woord spandeer, KIES jy om te STOP met alles anders waarmee jy besig is.
Gaan daarom na 'n stil plek in die huis. Lê of sit gemaklik.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Waarvoor is jy dankbaar vandag?

1. As kind van God, het jy die Heilige Gees as geskenk ontvang, daarom bly Hy nou in jou hart! Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn soos jy werk met Sy Woord.

2. Soek **Markus 1: verse 1-8** op in jou Bybel en lees dit rustig deur (hardop vir iemand in die huis of as jy self Bybelstudie doen, hardop vir jouself).



3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Omkring woorde in die sinne wat jou oog vang of jou hart aanraak.

5. Skryf nou die woorde wat jy omkring het in die blokkies asook ander woorde in die teks wat vir jou uitstaan.


6. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? Skryf jou vraag hier onder neer (al het jy nog nie 'n antwoord nie 😊).

7. Is daar enige iets nuuts wat jy geleer het vanuit die verse wat jy gelees het?

8. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Probeer om van die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik. Dit kan dalk uitdagend vir jou wees, maar probeer dit!

*Onthou dat 'n gebed waarvan elke woord bedoel word (as jy met geloof bid), baie meer werd vir God is, as 'n laaaang gebed, wat soos n rympie opgesê word en nie regtig uit jou die hart (opreg) bedoel word nie. - Mattheus 6:7*

9. Teken 'n prentjie van enige gedeelte uit die skrif wat jy vandag gelees het.



10. Soek die Bybelboek, **Jesaja.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? __________

**Jesaja** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament




11. Sluit af deur vir God opreg dankie te sê vir twee dinge in jou lewe. Sê ook vir Hom dankie dat jy Heilige Gees ontvang het, op die dag toe jy jou hart vir Hom gegee het.

## DAG 2: *Jesus word gedoop, versoek en begin preek*

Gaan na 'n stil plek in die huis.
Lê of sit gemaklik.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Sou jy graag deel wou wees van 'n land wat deur 'n koning regeer word? Watse karaktereienskappe sal jy wil hê moet daardie koning besit?



1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Maak jou hart vir Hom oop in gebed, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn soos jy werk met Sy Woord.

2. Soek **Markus 1:9-15** op in jou Bybel en lees dit rustig en aandagtig deur (lees dit hardop vir iemand in die huis).

3. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.



4. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat met jou hart praat.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? Skryf jou vraag hier onder neer (al het jy nog nie 'n antwoord nie).

______________________________________________

______________________________________________

6. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het uit die verse, wat jy nie voorheen geweet het nie? Lees dit dalk weer vlugtig deur om seker te maak.

______________________________________________

______________________________________________

7. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Probeer hierdie keer om meer van die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Om Bybel te lees en oor die verse te dink soos jy lees,

is soos om 'n suigstokkie te suig: jy beweeg dit heen en weer

in jou mond en geniet die smaak.

Net so kan jy leer om die verse of storie in die

Woord van God, lekker te deurdink. Dink aan die mense,

hulle optrede, dit wat hulle gesê en gedoen het

en waar die verhaal plaasgevind het.



8. Soek die Bybelboek: **Judas**.

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? ________

**Judas** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

9. Sluit af deur God te loof vir iets in jou lewe.

**Ek loof God vandag vir ______________________!**

DAG 3

# Jesus roep sy eerste dissipels

Tik die blokkies af: ☐ Ek sit/lê gemaklik
☐ Dit is stil rondom my
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Is dit vir jou lekker as jou pa of ma jou roep om hulle te help met iets? Waarvan hou jy om saam met hulle te doen?

1.Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy Bybelstudie doen. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn soos jy werk met die Woord.

2. Opsoek en leeswerk: **Markus 1:16-20**. Lees dit rustig deur (hardop vir iemand of op jou eie).



3. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan.

4. Omkring woorde in die sinne wat jou oog vang of jou hart aanraak.

5. Skryf nou die woorde wat jy omkring het in die blokkies asook ander woorde in die teks wat vir jou uitstaan of aanraak.

6. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

________________________________________

________________________________________

7. Is daar enige iets nuuts wat jy geleer het in die verse wat jy gelees het?

________________________________________

________________________________________

8. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Dalk wil jy vir Hom sê dat jy ook ***kies*** *om 'n dissipel van Hom te wees*. Vertel dit vir Hom…

________________________________________

________________________________________

________________________________________

9. Lees die vier verse weer in jou Bybel, maar dink jou nou in die verhaal in, so asof jy saam met Jesus (langs Hom) loop op die warm see-sand! Sien hoe Jesus oor die see kyk en dan die vissers roep. Skryf nou in die blokkie neer wat jy hoor, ruik, sien en voel soos wat jy jouself in die storie inleef…langs Jesus.



10. Soek die Bybelboek: **Numeri.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? __________

**Numeri** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

11. Sluit af deur vandag te dink aan iemand vir wie jy kan bid, ons noem dit **voorbidding**. Skryf die persoon/plek/instansie se naam neer op die lyn.

Vandag bid ek vir: __________________________

**DAG 4:** # Die Besetene van Kapernaum

Tik die blokkies af: ☐ Ek sit of lê gemaklik êrens buite, in die tuin of op die stoep.
☐ Dit is stil rondom my. Maak jou oë toe en asem lekker diep in...
Terwyl jy in-asem, wat ruik jy in die vars buitelug? Watse natuurgeluide hoor jy?





1. Sê vir God dankie vir jou sintuie en dat jy die natuur - wat Hy maak - kan ervaar. Vra vir Heilige Gees om jou nou te help terwyl jy met die Woord besig gaan wees.

2. Lees **Markus 1: 21-28** rustig deur met aandag.

3. Skryf 'n paar woorde in die blokkies wat jou aandag trek vanuit die teksgedeelte.



4. Skryf 'n sin/ne neer wat vir jou uitstaan.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan vanuit die teksgedeelte nie?

6. Wat nuuts het jy geleer in die verse wat jy gelees het?

7. Beskryf die wonderwerk wat Jesus hier gedoen het, kortliks in jou eie woorde.

8. Dink aan twee dinge waarvoor jy kan bid nadat jy die teksverse gelees het. Bid dan daaroor. Dit kan bietjie uitdagend vir jou wees, maar wees kreatief! Lees 'n paar keer weer die stukkie as dit nodig mag wees en soek iets wat jy kan terugbid vir God. Dalk wil jy vir Hom 'n vraag vra? Jy kan dit waaroor jy bid (en die versnommers) in die blokkie hieronder neerskryf.

Om die Bybel se verse terug te bid vir God is 'n wonderlike **manier van gebed** om die Woord prakties op jouself van toepassing te maak!

9. Soek die Bybelboek, **Filippense.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? ________

**Filippense** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

10. Sluit af deur vir 'n rukkie stil te sit met jou oë toe en net aan Jesus te dink. Sê vir Hom hoe lief jy Hom het en dat jy Sy Woord geniet.

DAG 5: **Jesus genees nog mense**

Kies 'n stil plekkie in die huis. Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.
Stel jou voor dat Jesus langs jou sit.

Waaroor is jy opgewonde vandag?



1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Lewende Woord (Bybel) te spandeer. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn soos jy lees deur elke vers.

2. Soek **Markus 1:29-45** op in jou Bybel en lees dit rustig deur. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Stop vir 'n klein rukkie as jy voel jy wil langer dink oor iets wat met jou hart praat of waaroor jy wonder.

3. Skryf nou neer as daar iets is waaroor jy 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? (al het jy nie 'n antwoord nie).

4. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.



5. Noem 'n paar toestande wat Jesus genees het van mense wat siek was.

6. Skryf 'n sin of twee neer wat met jou hart praat.

______________________________________________

______________________________________________

7. Lees weer **vers 35**. Hoekom dink jy het Jesus "op 'n **eensame** plek" gaan bid?

______________________________________________

8. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het uit die verse wat jy nie voorheen geweet het nie?

______________________________________________

______________________________________________

9. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Probeer om 'n hele klop van die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik.



______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

10. Ken jy enige siek mense? Noem name ____________________

Glo jy dat Jesus hulle ook kan help en gesond kan maak? __________

Die Bybel leer ons dat God nie 'n **'aannemer van persoon'** is nie, dit beteken dat Hy nie een persoon bo 'n ander 'voortrek' soos mense somtyds doen nie. Daarom kan en wil Hy almal help.

**Handelinge 10:34-35**

11. Soek die Bybelboek: **Jona**.

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? ________

**Jona** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament


12. Sluit af deur te bid vir mense wat jy ken, wat genesing nodig het. Onthou dat jou gebed baie krag het! Bid daarom elke woord met **geloof** in jou hart. Lees **Jakobus 5:16.**

# DAG 6: Jesus genees 'n verlamde man

Tik die blokkies af: ☐ Ek sit/lê gemaklik
☐ Dit is stil rondom my

↦ Maak jou oë toe en dink daaraan dat Heilige Gees <u>in</u> jou is. Vra Hom nou, om jou te lei soos wat jy met die Woord gaan besig word.

Is daar iets waaroor jy dalk bang of bekommerd is?



1. Lees **Markus 2:1-12** rustig en nadenkend deur. Jy kan hardop vir iemand lees of vir jouself.



2. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of interessant is.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

3. Kleur 'n paar woorde in die sinne in (of merk dit met 'n merker koki) wat jou oog vang of jou hart aanraak.

4. Skryf nou die woorde wat jy omkring het in die blokkies hier onder. Jy kan ook ander woorde vanuit die teks (wat vir jou uitstaan) hier invul.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Wat het jy nuut geleer vanuit die twaalf verse wat jy gelees het?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

7. Kyk nou weer na **vers 12**. Skryf 'n kort gebed oor iets waarvoor jy God wil prys. Jy kan ook van die woorde in die blokkies gebruik in jou gebed. Vertel Hom ook van dit waaroor jy bekommer/bang is – God hoor elke gebed wat jy bid. Glo jy dit?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

8. Lees **vers 8** hardop en dink bietjie hieroor. Wat sê hierdie vers vir jou ? Vertel in jou eie woorde wat jy verstaan.

Jesus sien ons optrede raak, maar Hy kan ook ons gedagtes raaksien.

Hoe sal dit jou optrede verander om te weet dat Jesus ook 'sien' waaraan jy elke dag en nag dink?

9. Soek die Bybelboek: **Galasiërs.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? __________

**Galasiërs** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

10. Sluit af deur vir Jesus te vra om jou te help om jou gedagtes te fokus op dit wat mooi en goed is. Lees **Filippense 4:8**.

# DAG 7: Jesus roep Levi, die tollenaar

☐ Dit is stil rondom my...

☐ Ek sit/lê gemaklik. As jy in die huis sit of in jou kamer is, maak die venster oop en kyk bietjie uit. Wat sien jy alles? Skryf 'n paar dinge wat jou oog vang hier onder neer.

↦ Maak jou oë vir 'n rukkie toe nadat jy die volgende sin gelees het. Dink daaraan dat Jesus, wat in jou hart bly, ook al hierdie natuurdinge gemaak het. Sy Hande het dit alles gemaak, net soos wat jy iets sal vorm uit 'n bol klei.

1. Vertel vir God hoe baie jy sy skepping geniet en waarvan jy die meeste hou in die natuur. Dalk is dit om in die see te swem of in die veld te stap. Dalk hou jy van diere of blomme. God versier ons lewens met die mooiste natuurelemente. Vra ook vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Woord besig gaan wees.

2. Lees **Markus 2:13-17** rustig deur. Dink aandagtig oor elkeen van die verse soos jy lees. Leef jou in die storie in. Verbeel jou jy is 'n volgeling van Jesus wat agter Hom aanstap op daardie dag.



3. Skryf 'n paar woorde in die blokkies wat jou aandag trek vanuit die teksgedeelte.

4. Skryf 'n sin/ne neer wat met jou hart gesels / uitstaan.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan vanuit die teksgedeelte nie? Skryf dit hier onder neer.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Levi was 'n tollenaar van beroep, dit was sy werk om geld by mense in te samel vir die 'regering' van daardie tyd. Dit was bekend dat tollenaars partykeer 'n gedeelte van die geld vir hulleself gevat het, daarom is hulle as sondaars gesien. Hoe het Jesus teenoor Levi opgetree vanuit die teksverse wat jy bestudeer het?

______________________________________________________________________

7. Wat sê dit vir jou van Jesus se hart teenoor mense wat somtyds verkeerde dinge doen?

______________________________________________________________________

8. Dink aan mense wat dalk nog nie vir Jesus ken nie of verkeerde dinge doen. Dalk doen hulle juis verkeerde goed, omdat hulle nog nie vir Jesus ken nie! Dit is jou verantwoordelikheid om te bid vir mense om jou, sodat hulle vir Jesus kan ontmoet. Maak 'n lysie van mense vir wie jy gaan bid bv. 'n petroljoggie, 'n leier van die land, 'n verlate persoon wat jy langs die pad gesien het.

| | |
|---|---|
| * | * |
| * | * |



9. Wat nuut het jy geleer uit die verse wat jy gelees het vandag?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

10. Soek die Bybelboek: **2 Samuel.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? ___________

**2 Samuel** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament


11. Sluit af deur vir 'n rukkie stil te sit met toe oë en net aan Jesus te dink en te ervaar hoe lief Hy vir jou is.

DAG 8:

# Vastye en Sabbat

Kies 'n stil plekkie in die huis. Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.
Stel jou voor dat jy saam met die dissipels en Jesus rondloop in 'n landstreek.

Hoe voel jy gewoonlik as jy baie honger word?



1. Vra Heilige Gees om jou nou te help wanneer jy tyd in die Woord spandeer. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy vir jou die Woord kan openbaar (dieper geheime of betekenis daarvan kan oopmaak/verduidelik).

2. Lees **Markus 2:18-28**. As jy 'n selfoon het, kan jy jouself opneem soos jy hardop die verse lees. Speel dit dan terug en luister weer na jou stem.

3. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

Kyk of jy sinonieme (woorde met dieselfde betekenis) bo elke blokkie kan skryf, om hierdeur die skrif vir jou beter verstaanbaar te maak soos wat jy daarmee werk.



4. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

________________________________________

________________________________________

5. Skryf nou neer as daar iets is waaroor jy wonder of 'n vraag oor het.

________________________________________

________________________________________

6. Die **Fariseërs** het 'n hele klomp wette en reëls gehoorsaam en daardeur het hulle geglo dat hulle saak met God reg was. Toe Jesus (vol van die Heilige Gees), vir die mense begin leer dat dit Sy Vader se begeerte is dat Sy **kinders se harte** voor Hom **skoon** en **rein** moet wees, het dit die Fariseërs gegrief (kwaadgemaak). Jesus het verduidelik dat die nakom van 'n klomp reëls nie noodwendig jou **hart se gesindheid** verander nie. Jesus kom leer nou die mense iets nuuts van God se hart. Somtyds vra Jesus se manier van lewe van jou, om jou optrede heeltemal te verander: **om te lewe volgens Sy voorbeeld**, eerder as hoe jy dalk gewoond was om iets te doen (selfs al was dit vir 'n baie lang ruk al 'n gewoonte).

Watse gewoontes wat jy tans het, dink jy, kan jy met die hulp van Heilige Gees verander, om meer **Jesus se voorbeeld** na te volg?

bv. Gebruik van vuil taal, leuens vertel, ongehoorsaamheid, luiheid, skinder, uitstel van takies, onvergifnis.

7. Teken **vers 23**. Wys met 'n pyltjie waar jy tussen die dissipels saamloop!



8. Die boek **Titus** begin op bladsy _______ in my Bybel begin.

**Titus** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

9. Sluit af deur vir God te vra om jou gewillig te maak (en te help), om jou **optrede** te verander, sodat jy kan lewe volgens die voorbeels van Jesus. Lees **Filippense 2:13.**

# DAG 9: Die man met die gebreklike hand

Tik die blokkies af: ☐ Ek sit/lê gemaklik
☐ Dit is stil rondom my
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Dink so bietjie: wat maak jou partykeer hartseer?



1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy Bybelstudie doen. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Sy lig in jou hart kan skyn soos jy werk met die Woord.

2. Soek **Markus 3:1-6** op in jou Bybel en lees dit rustig deur. Dalk kan jy vir jou sussie of boetie die kort storie lees.



3. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

4. Omkring woorde in die sinne wat jou oog vang of jou hart aanraak. Jy kan ook ander woorde wat nie in jou sinne is nie, maar vir jou uitstaan in die sirkels hier onder skyf.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

6. Wat het jy nuut geleer vanuit die verse wat jy gelees het?

7. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Probeer om al die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik.



8. Die Fariseërs het nie van Jesus gehou nie. **Vers 2** sê hulle het Jesus gereeld dopgehou om, volgens hulle, 'fout' te vind met wat Hy doen. **Vers 5** vertel ons dat *hulle gesindheid* Jesus hartseer/bedroef gemaak het. Die rede daarvoor was omdat hulle harte *verhard* was. **'n Verharde hart** is "taai", kwaai, streng, 'n ontoegeeflike hart. So 'n hart is nie sag sodat God se Liefde daarin kan werk nie.

Teken 'n verharde hart

Teken 'n sagte hart wat God se liefde dra

9. Die Bybelboek, **Esegiël** begin op bladsy bl._______ in my Bybel.

**Esegiël** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

10. Sluit af deur vir Jesus te vra om jou te help, dat jou hart sag sal wees, sodat Sy liefde elke dag deur jou hart kan vloei na ander mense om jou. Soek en lees **Esegiël 36:26-27**. Wat wil God vir al sy kinders gee?

**DAG 10:** 

# Baie mense soek vir Jesus

Gaan na 'n stil plekkie binne of buite die huis.
Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.
Stel jou voor dat jy by die see is. Jy speel lekker in die sand. Skielik sien jy baie mense oor die duin aangestap kom ...

Hoekom hou jy daarvan om by die see te wees?

1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Woord te spandeer. Maak jou hart vir Hom wyd oop, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn soos jy werk met Sy Woord.

2. Lees **Markus 3:7-12** aandagtig en rustig deur. Stop as jy voel jy wil eers dink oor iets wat met jou hart praat. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Leef jou lekker in in die verhaaltjie.



3. Skryf 'n sin of twee neer wat met jou hart praat.

4. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

5. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het uit die verse, wat jy dalk nie voorheen geweet het nie?

6. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Probeer om al die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik.

7. Teken 'n prentjie oor enige gedeelte van die verse wat jy vandag bestudeer het. Jy kan byskrifte bysit.



8. Soek die Bybelboek: **Kolossense**.

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? ________

**Kolossense** is in die ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

9. Sluit vandag se Bybelstudietyd af deur vir God dankie te sê vir Jesus. Jesus is die mooiste en *perfekte voorbeeld van 'n dissipel en volgeling van God* die Vader. Jesus het mense gehelp wanneer hulle siek of in nood was. Sal jy ook vandag ander mense help as hulle jou hulp nodig het? Lees **Johannes 13:15.** Onthou – so kan jy vir hulle Jesus wees op hulle pad vandag!

# DAG 11: Jesus stel twaalf apostels aan

Tik die blokkies af:

- Ek sit of lê lekker gemaklik
- Dit is stil rondom my

Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

As jy op enige plek op aarde sou kon bly, waar sou dit wees?

1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy Bybelstudie gaan doen. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy geheime vir jou kan vertel soos jy met die Lewende Woord besig word.

2. Opsoek en leeswerk: **Markus 3:13-19**. Lees die paar verse aandagtig en hardop vir iemand. Stel jou voor dat Jesus vir jou ook nader roep om saam met Hom teen die berg op te gaan…



3. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.

4. Skryf nou die woorde wat jy omkring het in die blokkies, asook ander woorde in die teks wat vir jou uitstaan of aanraak.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

______________________________________________

______________________________________________

6. Is daar enige iets nuuts wat jy geleer het in die verse wat jy gelees het?

______________________________________________

______________________________________________

7. Lees weer **verse 14 en 15**. Nadat Jesus die apostels aangestel het, het Hy hulle vir 'n rukkie by Hom laat bly. Later het Hy hulle uitstuur om twee dinge te gaan doen. Watse twee dinge moes hulle vir Jesus gaan doen?



1.______________________________________________

2.______________________________________________

8. Sal jy ook graag iets vir Jesus wil doen? Wat dink jy sal jy vir Hom wil doen?

______________________________________________

______________________________________________

9. Kyk na die woorde wat jy in die blokkies op die vorige bladsy geskryf het. Gebruik hulle in sinne en skryf 'n gebed vir Jesus. Jy kan Hom vrae ook vra! As daar iets spesifiek is wat jy baie graag vir Hom sal wil doen, kan jy dit ook vir Hom in jou gebed noem. Onthou – dis vir Hom lekker as jy met Hom gesels!

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

10. Soek die Bybelboek, **Rut.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? __________

**Rut** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

11. Sluit af deur vandag te onthou dat Jesus jóu ook kies om Sy volgeling te wees. Hy wil hê jy moet saam met Hom stap. Hy wil jou meer van Homself leer, jou help en jou die pad wys wat jy moet loop. Hy het jou baie lief en dink die mooiste gedagtes oor jou! Lees **Psalm 32:8** wat God vir jou vandag sê.

# DAG 12: *Lastering teen die Heilige Gees*

Hoe spandeer jy jou gunsteling tyd saam met jou familie?

1. Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy Bybelstudie doen. Vra Hom om vir jou nuwe waarhede uit te wys... geheime wat Hy in die Woord bewaar, vir dié wat daarna vra.

2. Lees stadig en aandagtig **Markus 3:20-30** vir iemand in die huis of vir jouself. Om hardop die Bybel te lees help jou gedagtes om beter aandag te gee aan die inhoud. Dit gebeur wanneer jy die woorde sien, self lees en terselfdertyd ook hoor.

3.Woordstudie: Weet jy wat die woord "**lastering**" beteken? Jy kan sinonieme (woorde met dieselfde betekenis) vir hierdie woord opsoek in 'n woordeboek of op die internet. Om 'n studie te maak van woorde wat vir jou moeilik is in die Bybel, help jou om die Woord beter te verstaan. Onthou dit as jy weer op 'n moeilike of onverstaanbare woord afkom.

Sinonieme vir **laster** kan wees : ______________________________



4. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of interessant is.

______________________________

______________________________

______________________________

5. Skryf woorde vanuit die teksgedeelte wat jou oog vang.

6. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? (al het jy nie 'n antwoord nie)

7. Lees weer **vers 24**.

**Dink daaraan dat jy met jou blokkies 'n landskap bou. Hierdie land behoort aan 'n koning wat daar regeer oor sy koningkryk. Op 'n dag kom 'n paar mense bymekaar, wat nie meer van hierdie koning hou nie, hulle wil nou 'n nuwe koning aanstel, 'n ander koning. Tog is daar 'n groep mense wat nogsteeds hou van die eerste koning. Nou baklei die mense in die land met mekaar omdat elkeen wil hê SY gunsteling koning moet die land regeer.**

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n **verdeelde koninkryk**. Gewoonlik sal mense dan rusie maak. Jesus leer ons dat só 'n 'onderling verdeelde koninkryk' nie goed sal kan bly voortbestaan nie.

Dit is God se hart dat sy kinders in **eenheid** lewe – in **vrede** met mekaar, dat almal se harte gelukkig is en in liefde kan toegee en saamstem.



8. Soek die Bybelboek, **Efesiërs.**

Wat is die bladsynommer waar hierdie boek in jou Bybel begin? ____________

**Efesiërs** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

9. Lees nou **Efesiërs 4:3**. Hoe sê Paulus, moet ons die **eenheid** wat Heilige Gees tussen ons bring, beskerm/handhaaf?

10. Het jy enige iets nuuts geleer vanuit die skrifgedeelte wat jy gelees het?

11. Sluit af deur vir God te vra om jou te help om die **eenheid** tussen jou familie en maats te beskerm. Dit gaan partykeer beteken dat jy nie altyd jou sin gaan kry nie. Tog kan ons in liefde, *ons eie wil aflê* om die vrede en eenheid wat God tussen ons plaas, te beskerm. Vrede is immers die vrug van die Gees en bewys dat jy 'n volgeling van Jesus is. Lees **Galasiërs 5:22-23.**

DAG 13: **Jesus se familie**

Tik die blokkies af: ☐ Ek sit/lê gemaklik
☐ Dit is stil rondom my

↦ Maak jou oë toe en verbeel jou jy sit in 'n kring saam met ander mense. Almal van julle luister na Jesus, Hy sit en vertel stories in die middel van die kring.

Hou jy daarvan om speletjies saam met maats te speel? Noem jou gunsteling speletjie.

1. Lees **Markus 3:31-34**. Lees die vier verse hardop vir iemand of vir jouself. Dink mooi oor die kort storie.



2. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of interessant is.

___

___

___

3. Kleur 'n paar woorde in die sinne in (of merk dit met 'n merker koki) wat jou oog vang of jou hart aanraak.

4. Noem die woorde wat herhaal in die leesstuk.

___ ___ ___

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

___

___

6. Het jy enige iets nuut geleer vanuit die vier verse wat jy gelees het?

______________________________________________

______________________________________________

7. Skryf 'n kort gebed vir God neer en gebruik van die woorde wat jy gemerk het op die vorige bladsy. Onthou: 'n gebed wat kort en kragtig is, waarvan jy elke word bedoel, het groter waarde as 'n lang gebed, waartydens jy die woorde net soos 'n rympie opsê en nie regtig bedoel nie.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

8. Kyk nou weer na **vers 35**. Hier sê Jesus 'n **waarheid** van **wie jy in Sy oë is** (genoem word), as jy Sy volgeling/dissipel is en die wil van God doen. Jesus noem jou sy boetie/sussie! Hoe laat hierdie woorde van Jesus jou voel?

______________________________________________

______________________________________________

9. Om 'n vers van die Bybel te krabbel ('doodle' in engels), beteken dat jy die vers oorskryf in mooi letters en versier. Jy kan ook klein prentjies by teken, om van die woorde te beskryf. Hierdie tegniek kan van groot waarde wees wanneer jy die Skrif in jou hart wil 'inplant'. Skyf nou **vers 35** in 'n mooi skrif hieronder en versier die woorde of teken 'n prentjie by wat jou kan help om die skrif te onthou (memoriseer).



10. Die Bybelboek, **Job** begin op bladsy ________ in my Bybel.

**Job** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

10. Sluit af deur vir God dankie te sê, dat jy deel van Sy familie kan wees. Vra Hom om jou te help, om **Sy wil** vir jou lewe te doen.

# DAG 14: Die gelykenis en doel van die Saaier

Wanneer jy tyd in God se Woord spandeer, kies jy om te stop met alles anders waarmee jy besig is. Gaan daarom na 'n stil plek in die huis.
Lê gemaklik en haal 'n paar keer lekker diep asem.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Hou jy van stories? Wat is jou gunsteling storie op die oomblik?



1. Heilige Gees is vir jou deur Jesus gegee om jou te leer en te lei. Hy kan jou help in tye as jy self nie iets verstaan of weet nie. Vra Hom nou om jou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Wanneer jy jou hart vir Hom oopmaak, kan Hy Sy lig van Waarheid en Wysheid in jou hart skyn, sodat jy Sy Woord beter kan verstaan – Hy doen 'n wonderwerk in jou hart soos jy lees!

2. Soek **Markus 4:1-12** en lees dit lekker rustig en hardop deur (vir iemand of op jou eie). 'n Gelykenis is 'n storie met 'n dieper betekenis daarbinne. Jesus het baie keer sy volgelinge, diep waarhede geleer deur sulke verhale.

3. In die gelykenis wat Jesus vertel, het die saad elke keer op 'n ander plek geval en iets anders het elke keer gebeur met die saad op daardie plek.



| 'n Deel van die Saad val waar? | Wat gebeur met die saad ? |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |
| 4. | |

4. Skryf 'n sin of twee neer wat met jou hart praat.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________



5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? Skryf jou vraag hier onder neer (al het jy nog nie 'n antwoord nie).

____________________________________________

____________________________________________

6. Hou jy daarvan as iemand 'n geheim met jou deel? ____________

Hoekom? ____________________________________________

7. **Vers 10** vertel ons dat, toe Jesus alleen met sy dissipels was, Hy vir hulle vertel het, dat Hy geheime van **God se Koninkryk** aan hulle gee, deurdat Hy hierdie gelykenisse vertel. Vir die ander mense wat nie belang gestel het aan die geheime of diep waarhede wat Hy wegsteek in die stories nie, sal dit net eenvoudige stories bly.

Ons sal môre kyk watse geheime Jesus vir sy dissipels wil leer uit hierdie storie!

8. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het, wat jy nie voorheen geweet het nie?

____________________________________________

____________________________________________

9. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Vra Hom ook om die geheime en diep lewenswaarhede van die **Koninkryk van die Hemel**, met jou hart te deel.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

10. Die Bybelboek, **Handelinge** se eerste bladsynommer is: ________

**Handelinge** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

## DAG 15: *Jesus verduidelik die gelykenis van die Saaier*

 Dit is stil rondom my…

 Ek sit/lê gemaklik.



Is jy lief vir vrugte? Noem jou gunsteling vrug.

1. Heilige Gees bly in jou as jy God se kind is. Vra Hom nou om jou te lei en leer soos wat jy met die Woord besig gaan raak.

2. Lees **Markus 4:13-20** rustig deur. Dink aandagtig oor elkeen van die verse soos jy lees en voltooi dan die tabel hier onder om dit wat jy gelees het, mooi op te som. Kyk ook weer na die inligting wat jy gister ingevul het.

| Die plek waar die Saad (Woorde van God) val | Wat gebeur sodra die Saad (Woord) hier beland met die persoon wat dit hoor? | Wat gebeur nie op hierdie plek met die saad (Woord) nie? |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | Wat gebeur wel hier? |

3. God se Woord (wat ons lees in die Bybel) word vergelyk met saad en God self, word as die Saaier voorgestel (kyk na **vers 3**, jy sal sien die woord "Saaier" word met 'n hoofletter geskryf, dit verteenwoordig God self). Wanneer ons **luister** na God se liefdevolle raad en leiding, val Sy Woorde diep in ons hart en kan dit groei soos 'n saadjie wat ontkiem, groei en later as volwasse plant vrugte dra as ons dit deel van ons lewe maak (toepas).

4. Lees **Kolosense 3:8-9.** Noem 'n paar dinge wat die Woord jou leer, jy moet laat staan of ophou doen, as jy 'n kind van God is?

___________________________________________________________________

As jy luister na God se Woord (of dit hoor) en dus besluit om byvoorbeeld, op te hou om vuil taal te gebruik (vloek), dan is dit 'n voorbeeld van 'Sy saad', wat diep in jou hart inval.

Voorbeeld: Wanneer jy minder lelike woorde wil gebruik en Heilige Gees vra om jou te help, groei hierdie nuwe gewoonte in jou, totdat jy op 'n dag agterkom dat jy nie eens meer aan 'n vloekwoord dink nie! Dis 'n voorbeeld van 'n goeie vrug wat ontwikkel vanuit 'n saadjie van wat God se Woord jou leer en wat jy besluit om jou eie te maak en te plant in jou hart!



5. Wat nuuts het jy geleer in die verse wat jy gelees het?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

6. God is baie besorgd (gee baie om) oor die **toestand van sy kinders se harte**. Hy wil hê dat Sy kinders na Hom sal luister, omdat Sy Woord propvol waarhede en rigtingwysers is om 'n lewe tot Sy eer te leef. Skryf 'n kort gebed vir Hom, waarin jy Hom vra om jou te help om 'n hart met vrugbare grond te hê, waarin Sy Woord kan val en lekker welig sal groei!

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

7. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag het vanuit die teksgedeelte van vandag? Skryf dit hier onder neer.

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

8. Die boek **Miga** begin op bladsy _______ in my Bybel.

**Miga** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

# DAG 16: Hoe ons moet luister

Word lekker rustig deur êrens stil te gaan sit of op jou maag te lê. Dink jou in dat jy tussen mense is wat deur Jesus geleer word … nou is jy gereed om te begin!

Waar is jou lekkerste en mees geheime wegkruipplek?



1. Onthou dat Heilige Gees in jou bly wanneer jy God se kind is. Vra Hom om jou nou te lei terwyl jy Bybelstudie doen. Vra Hom om jou iets nuuts te leer, wat jy voorheen nie geweet het nie.

2. Soek **Markus 4:21-25** op in jou Bybel en lees dit rustig en met aandag deur. Dalk kan jy vir jou sussie, boetie of ouma die vyf verse hardop lees.

3. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan.

4. Omkring woorde in die sinne wat jou oog vang of jou hart aanraak. Jy kan ook ander woorde wat nie in jou sinne is nie, maar vir jou uitstaan in die sirkels hier onder skyf.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

6. Wat is Jesus se waarskuwing aan jou in **vers 24**?

7. Hoekom dink jy sê Jesus ons moet versigtig wees na wat ons <u>luister</u>? Hoe kan dit 'n invloed op jou lewe hê? (in 'n goeie en slegte manier)

8. Dit is somtyds goed om verskillende vertalings van die Bybel met mekaar te vergelyk, sodat jy beter kan verstaan wat daar bedoel word met 'n vers. Hier onder is dieselfde gedeelte in Markus, maar vanuit die *International Children's Bible*. Lees dit en kyk of van die inhoud nou vir jou beter sin maak.

**Use What You Have** **Mark 4:21-25 ICB**

21 Then Jesus said to them, "Do you hide a lamp under a bowl or under a bed? No! You put the lamp
on a lampstand. 22 Everything that is hidden will be made clear. Every secret thing will be made
known. 23 Let those with ears use them and listen!

24 "Think carefully about the things you hear. The way you give to others is the way God will give to
you. But God will give you more than you give. 25 The person who has something will be given more.
But the person who does not have much, even what he has will be taken from him."

9. Is daar iets anders wat vir jou sin gemaak het nadat jy hierdie vertaling bestudeer en vergelyk het met jou Afrikaanse vertaling?

10. Die Bybelboek **Filemon** begin op bladsynommer __________ in my Bybel.

**Filemon** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

11. Sluit af deur vir God te vra dat die Waarheid van Sy Woord, aan jou hart oopgemaak (geopenbaar) sal word deur Heilige Gees. Vra Hom om jou te help om nooit skaam te wees dat Hy in jou lewe is nie.

DAG 17: **Nog gelykenisse oor saad**

*Kies 'n stil plekkie in die huis. Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.*
*Stel jou voor dat Jesus by jou sit…*

Het jy al groentetuin of blomsaadjies gesaai? Of dalk saaielinge of 'n boom oorgeplant? Vertel van dit daarvan jy hou om te plant.

1. Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Woord te spandeer. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn sodat jy Sy woorde mooi kan verstaan.

2. Lees **Markus 4:26-34**. As jy 'n selfoon het, kan jy jouself opneem soos jy hardop die verse lees. Speel dit dan terug en luister weer na jou stem. Lees dit andersins hardop maar rustig vir iemand in die huis.

3. Skryf 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

4. Watse woorde word herhaal in die verse?



5. Skryf nou neer as daar iets is waaroor jy 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? (al het jy nie 'n antwoord nie)

6. Maak 'n klein opsomming van die verse wat jy gelees het. Skryf wat jy verstaan, in jou eie woorde.

___

___

___

7. Lees weer **vers 34**. Die Bybel sê dat wanneer Jesus alleen saam met Sy dissipels was, Hy vir hulle Sy gelykenisse verduidelik het. Hoekom dink jy het Hy die verduideliking/geheime van Sy gelykenisse net met hulle gedeel?

___

___



8. Sal jy graag een van dié wil wees met wie Jesus Sy geheime deel? Hoekom?

___

9. Om 'n volgeling (dissipel) van Jesus te wees, beteken dat jy na Sy woorde **luister** en daar **volgens lewe**. Teken nou 'n prentjie van hoe jy saam met Jesus êrens alleen sit, terwyl Hy vir jou geheime van Sy Koninkryk vertel.

10. Die boek **Nahum** begin op bladsy _______ in my Bybel begin.

**Nahum** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

11. Sluit af deur vir God dankie te sê, dat jy **Sy Woord** kan hê as <u>rigtingwyser</u> en <u>handboek vol wysheid</u> vir jou lewe.

DAG 18: **Jesus maak die storm stil**

Gaan na 'n stil plekkie buite die huis, dalk in die tuin iewers.
Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.
Stel jou voor dat dit laat in die middag is en dat jy saam met Jesus en Sy dissipels in 'n bootjie klim en op die see uitvaar.

Wat verkies jy eerder: om vis te vang of op 'n boot te ry?

1. Draai na Heilige Gees in jou hart en laat toe dat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart skyn terwyl jy nou dié mooi storie uit jou Bybel gaan lees.

2. Lees **Markus 4:35-41** aandagtig en stadig deur. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Leef jou lekker in in die verhaal.



3. Skryf 'n vers of twee op die lyntjies wat met jou hart praat.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

4. Skryf 'n paar woorde vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

5. Verbeel jou, jy is in 'n boot wat in 'n storm op die see is. Hoe sal jy voel?

_______________ Wat het Jesus gedoen in die storm (**vers 38**)?_______________

6. Is daar iets waaroor jy wonder vanuit vandag se teksgedeelte?



7. Skryf 'n kort gebed vir God om vir Hom te vertel hoe hierdie storie met jou hart praat. Probeer om al die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik.

8. Wat dink jy, is die hoofdoel, hoekom hierdie storie in die Bybel is? Watse belangrike waarheid leer jy hieruit? (vers 40 kan help as jy wonder)

9. Lees weer **vers 38**. Dink jy Jesus het nie omgegee vir sy dissipels nie?______
Hoekom sou hulle dit dan vir Jesus vra?

10. Watse waarheid oor **wie Jesus werklik is**, leer ons in Sy optrede in **vers 39**?

11. Wat sal jou antwoord op die dissipels se vraag wees in **vers 41**?

Teken 'n storm op see

Jesus

Teken 'n groot stilte op see

12. Die Bybelboek **Openbaring** begin op bladsy __________ in my Bybel.

**Openbaring** is in die ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

13. Sluit vandag se Bybelstudie tyd af deur vir God te loof vir Sy groot krag en mag! God is baie groot… het jy geweet dat niks vir God onmoontlik is om te doen nie? Lees **Lukas 18:27.**

## DAG 19: Die besetene van Gerasa

☐ Dit is stil rondom my...
☐ Ek sit/lê gemaklik.


Waarmee het God jou al gehelp toe jy Hom gevra het vir hulp?

1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees.

2.Lees **Markus 5:1-20** aandagtig deur. Dit help om hardop te lees, dan is jou konsentrasie beter omdat jy die woorde self hoor en sien wat jy lees.

3.Watse **onbekende** of **nuwe woorde** het jy vandag op afgekom? Skryf hulle op die lyntjies en bo elke woord 'n sinoniem daarvan.

4. Skryf nou 'n paar ander woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.



5. Skryf 'n sin of twee neer wat met jou hart praat.

6. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? Skryf jou vraag hier onder neer.

7. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag uit die verse geleer het. Iets wat jy moontlik nie voorheen geweet het nie?

8. Lees weer die laaste gedeelte van **vers 19**. Wat sê hierdie vers vir jou van **Jesus se hart** ?

9. Skryf in jou eie woorde 'n klein opsomming van wat in hierdie verhaal gebeur het (kleur Jesus se naam elke keer met blou in).



10. In **vers 19** gee Jesus die man **'n opdrag** wat Hy vandag nog vir my en jou gee. Hoekom dink jy is dit nodig om nogsteeds dit te doen wat Jesus vir die man vra in **vers 19** ?

11. Die Bybelboek **Jeremia** begin op bladsy ________

**Jeremia** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

12. Sluit af deur God te loof vir iets wat Hy in jou of 'n familielid se lewe doen.

**DAG 20:** # Jesus doen nog wonderwerke

Tik die blokkies af: ☐ Ek sit/lê gemaklik
☐ Dit is stil rondom my

↦ Maak jou oë toe en verbeel jou jy is naby Jesus tussen 'n groot klomp mense. Almal stamp en druk teen mekaar om te sien wat Jesus alles doen...

Hou jy daarvan om deel van 'n groot groep mense te wees of verkies jy dit om eerder bietjie meer eenkant te wees, tussen net 'n paar mense?



1.Lees **Markus 5:21-43**. Hierdie is 'n hele klomp verse om te lees! Hou moed, lees stadig en dink oor elke vers soos jy nou die mooiste wonderwerkstories gaan lees.

2.Skryf 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.



3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou interessant of mooi is.

4. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? Hoe vreemd die vraag ook al kan wees…

5. Wat het jy nuut geleer vanuit die skrifgedeelte?

6. Stel jouself in die skoene van die vrou wat twaalf jaar lank al siek was. Hoekom dink jy het sy soos **vers 27** sê, '*van agter af aan Jesus geraak*'?

7. Vir elke **optrede** van ons, is daar 'n **gevolg**/effek. Wanneer jy byvoorbeeld gehoorsaam is, word jou daad beloon. Wanneer jy ongehoorsaam is, kan jy 'n straf te wagte wees! **Die vrou het opgetree deur haar geloof in Jesus.**

| Beskryf haar optrede | Beskryf die gevolg van haar optrede |
|---|---|
| | |

8. Gaan die waarheid van **Jesus se Woorde**, jou van nou af laat anders dink of optree? Op watse manier kan dit jou lewe beïnvloed.

(Verse 34 & 36 bevat waarhede oor geloof in God)

9. Die Bybelboek, **Romeine** begin op bladsy ________ in my Bybel.

**Romeine** is in die: ☐ Ou Testament ☐ Nuwe Testament

10. Hoe beter jy iemand ken, hoe makliker is dit vir jou om daardie persoon te vertrou. Dink aan jou pa of ma, wat jy baie goed ken en daarom met jou hele hart vertrou. Dieselfde in jou verhouding met Jesus. **Hoe beter jy Hom ken, hoe makliker sal jy Hom vertrou.** Vra Hom nou om jou te help om 'n erns daarvan te maak om Sy Woord meer te lees en te bestudeer, sodat jy Hom beter kan leer ken en so makliker sal kan vertrou.

& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

carien@hencar.co.za

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken, soos hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke.